# SAWA ALBATROS

# NUUSBLAD

# AUGUSTUS

# 2018



# Uit die voorsitter se stoel



Albatros,

Hierdie is my laaste verslag as Voorsitter van Albatros en ek wil net baie dankie sê vir julle ondersteuning die afgelope 3 jaar.  Dit was ‘n absolute voorreg om deel te wees van bestuur en ek is TROTS ALBATROS!  Dis met ‘n geruste hart dat ek die leisels oorgee and Theo en sy span.

Die laaste twee kampe was baie stil en rustig.  Meeste van ons lede bly maar in die beskutting van hulle eie huise deur die koue nat maande.  Dit was heerlik om weer saam met Schalk en Marieta Bosman te kon kuier by Van Zylsrus.  Hulle het besluit om nog ‘n jaar  te toer maar ons hoop hulle gaan ons weer verras iewers langs die pad en vir ‘n naweek saam met ons kom kamp.

Ons dans die jaar was ‘n reuse sukses.  Ons tema was Alice in Wonderland met ‘n Mad Hatters tea party.  Albatros baie dankie ons wins was meer as R14,000.  Aan die Bestuur wat so hard gewerk en beplan het ook ‘n baie spesiale dankie.  Riana en Benita na die baie jare se swoeg en sweet en baie reëlings verdien julle om bietjie te rus en voete in die lug te sit vir die volgende paar jaar.

Geniet die lewe en kamp lekker.

Albatros Groete,

Esme

# Kamp kamp lekker kamp…



Die naweek van 22-24 Junie het ons by van Zyl'srus gekamp. Ons was 'n klein groupie Albatros lede wat gekamp het.  Alex Stramrood was ons kampleier vir die naweek.  Dit was 'n vreeslike nat naweek gewees, maar het nie van ons lede gestop om te kom kamp nie. Schalk en Marieta Bosman het ook die naweek saam gekamp.

Die naweek van 20-22 Julie het ons op Sonklip gekamp. Duane Coetzee was ons kampleier vir die naweek gewees.  Saterdag het almal saam sop en bredie gemaak. Lede van Suidwes-Kaap het kom soetes en sop op die plaas. Dit was 'n wonderlike naweek en almal het hulself geniet.

## My laaste paar woorde…


Dit was vir my 'n groot voorreg om elke maand vi rjulle die nuusblad te kon stuur.  Party maande was dit maar moeilik om die nuusblad betyds uit te kry en om kreatief genoeg te wees om dit vir julle so lekker as moontlik te kon maak om te lees.  Dankie vir al die kommentaar wat ek ontvang het van die lede, dit word opreg waardeer en ek glo Zelda gaan vir julle net so 'n lekke rnuusblad elke maand stuur.

Redaktrise groete

Jean-Marie










Re-tjaarts














Sensation
Maia











# Gedagte vir die week




**Skrifgedeelte: 1 Timoteus 4:6-11**

**Fokusgedeelte: 1 Timoteus 4:7**

**In Christus se gimnasium**

As Paulus aan sy jong kollega skryf, word hy deur die Gees gelei om uit sy hart met Timoteus te praat:

“Jy doen nie maar net ’n werk vir jouself of vir ’n baas nie.  Jy is ’n bediende vir die Here. Jy moet goeie kos in die huisgesin van die Here bedien.  Om ’n goeie bediende te wees, moet jyself ook daardie kos gebruik.  Dit sal jou sterk maak.

“’n Atleet kan dalk die beste dieet op aarde volg, maar as hy nie oefen nie, help dit niks.Timoteus, jy is ’n atleet vir Christus.  Die beste wat jy kan doen vir die gemeente is om in Christus te leef.  Dit is jou daaglikse oefening.  Dit is jou lewenslange oefening omjouself gedurig weer in Christus te vind.

“Ja, dit is belangrik om jouself te vra: Wat maak ek met die Woord? Maar daar is ’n belangriker en meer basiese vraag: Wat maak die Woord met my?”

Natuurlik is hierdie woorde nie net vir predikante bedoel nie. Elke lid van Jesus se huisgesin het die voorreg om Hom te bedien.

Die beste wat jy vir die mense wat vir jou kosbaar is, kan doen, is om ’n geoefende volgeling van Jesus te wees.  Om Geesvervuld te wees, te groei in die geloof sodat sy Genade woord die duidelike letters op jou as sy lewende brief word.

# Leani Coetzee se Phyllo deegbraaipaai

1 x Boks Phyllo Deeg (Daar is 2 x rolletjies in die boks)

1 pak spinasie of vars bossie

1 pak sampioene in skywe gesny

1 Ui

4 of 5 Tamaties in Skywe gensy

Melrose Kaassmeer

Mozzarella kaas of Gouda of altwee

Kies jou speserye



Vat nou jou toeknyp roorster.

1ste pakkie pyllodeeg – hou bo-op mekaar (die hele sakkie) – Smeer eenkant met Melrose (ek meng gewoonlik bietjie knoffel by)

Jy kan elke veldeeg spat met water – dit hou hom net mooi bymekaar

Sit dan op onderste deel van die rooster

Pak bestandele op die deel wat met Melrose gesmeer is

Vat ander sakkie phyllo deeg, rol oop en sit dit bo-op

Jy kan elke vel deeg spat met water – dit hou hom net mooi bymekaar

Gebruik water gemeng met eier om kante te rol en te plak

Knyp rooster toe

Braai op lae hitte vuur tot gaar en goudbruin. (gewoonlik so 2 - 5 min)

Draai gedurig om.

# Lief en leed



## Lief:

Dewald enLindi Theron het ‘n seun aangeneem

Heino Wessels en Leani Coetzee is verloof

## Leed:

Alex Stramrood gaan vir ‘n operasie – 15 Augustus 2018

Alexander Stramrood het sy werk verloor

Esme Knipe – gaan nie goed met haar gesondheid nie

Christo Snyman gaan 7 September vir ‘n operasie

Benita Stramrood – hospitaal 7 Augustus



# Verjaarsdae

## Augustus

| | |
|---|---|
| Frick - Hendri | 2 |
| Roux - Theo | 4 |
| Jenkins - Corné | 4 |
| Smit - Rian | 5 |
| Knipe - Johannes | 6 |
| Theart - Hester | 7 |
| Smith - Jolanda | 9 |
| Van Greunen - Rouhann | 10 |
| Van der Merwe - Carlos | 15 |
| Van Eyk - Johlene | 18 |
| Larcher - Jordyn | 18 |
| vd. Westhuizen - Andre | 20 |
| Visser - Jean | 20 |
| Wessels - Heino | 22 |
| Van Greunen - Karla | 27 |
| Van der Merwe - Schalk | 29 |
| Stofberg - Hermien | 31 |

## September

| | |
|---|---|
| Blignaut - Mikayla (Frick) | 5 |
| Commaille - Columbine | 6 |
| Hanekom - Wiaan | 9 |
| Laubscher - Lezanne | 10 |
| Jacobs - Johan | 11 |
| Hollis - Austin | 11 |
| Van Eeden - Hannes | 14 |
| Bell - Kiara | 15 |
| Van Zyl - Rina | 15 |
| Erasmus - Jacques | 16 |
| Jenkins - Elri | 17 |
| Grobler - René | 17 |
| Smuts - Chantelle | 17 |
| Roux - Tienie | 18 |
| Van der Merwe - Ameli | 18 |
| Grobler - Jessica | 21 |
| Visser - Janika | 27 |
| Toerien - Wendy | 24 |
| Claassen - Suzette | 28 |

